

**Sing vooraf staande:** Skrifberyming 4-8:1, 2 (5:1, 2)

- |  |   |
|--|---|
| 1 Die Woord het vlees geword<br>en onder ons gewoon.<br>Ons het sy heerlikheid aanskou,<br>die van Gods eenige Soon; | 2 die heerlikheid van Hom<br>wat van die Vader kom,<br>wat vol genade en derenis<br>en vol van waarheid is. |
|--|---|

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 96:1, 2 (p. 480)

- 1 Sing vir die HEER 'n nuwe lied! / Die aard' se verste perke/ moet jubel oor sy werke,  
en Hom die lof en hulde bied; / moet uitroep en verwag / sy heil van dag tot dag.
- 2 Verkondig nou sy roem en eer / by al die nasies, onder / die volke: sterkte en wonder;  
want groot, lofwaardig is die HEER. / Vreeslik in heerskappy / bo al die gode is Hy.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 130:1, 2 (p. 635)

- 1 Uit dieptes, gans verlore, / van redding ver vandaan,  
waar hoop se laaste spore / in wanhoop my vergaan;  
uit diep van donker nagte / roep ek, o HERE, hoor,  
en laat my jammerklagte / tog opklim in u oor!
- 2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,  
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?  
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;  
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.

Gebed

Psalm 25:6, 8 (p. 117)

- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?  
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.  
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;  
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.
- 8 O my God, ontferm U oor my / in my diepe ongeluk;  
eensaam is ek – o verhoor my! – / gans ellendig en in druk.  
Om my heen, aan alle kant, / is die skrik van duisend dode;  
laat dan, HEER, u regterhand / my verlos uit al my node.

**Skriflesing:** Hebreërs 2:5-18, 4:14-16; 1 Korintiërs 1:18-31; Heidelbergse Kategismus, Sondag 6

**Kernvers:** 1 Korintiërs 1:30

**Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.**  
(1 Korintiërs 1:30 AFR53)

## Heidelbergse Kategismus

### Vraag 16: Waarom moet hy 'n ware en regverdige mens wees?

Antwoord: Omdat die geregtigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal (a). Maar die mens wat self sondaar is, kan nie vir ander betaal nie (b).

(a) Eseg. 18:4, 20; Rom 5:18; 1 Kor 15:21; Heb 2:14-16. (b) Heb 7:26-27; Ps 49:8; 1 Pet 3:18.

### Vraag 17: Waarom moet hy terselfdertyd ware God wees?

Antwoord: Om deur die krag van sy Godheid (a) die las van die toorn van God (b) aan sy mensheid te kon dra (c) en vir ons die geregtigheid en die lewe te kan verwerf en teruggee (d).

(a) Jes 9:5; 63:3. (b) Deut 4:24; Nah 1:6; Ps 130:3. (c) Jes 53:4, 11. (d) Jes 53:5, 11.

### Vraag 18: Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God (a) en ware (b) regverdige mens is (c)?

Antwoord: Ons Here Jesus Christus (d), wat God vir ons tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing gegee het (e).

(a) 1 Joh 5:20; Rom 9:5; 8:3; Gal 4:4; Jes 9:6; Jer 23:6; Mal 3:1. (b) Luk 1:42; 2:6, 7; Rom 1:3; 9:5; Fil 2:7; Heb 2:14, 16, 17; 4:15. (c) Jes 53:9, 11; Jer 23:5; Luk 1:35; Joh 8:46; Heb 4:15; 7:26; 1 Pet 1:19; 2:22; 3:18. (d) 1 Tim 2:5; Matt 1:23; 1 Tim 3:16; Luk 2:11; Heb 2:9. (e) 1 Kor 1:30.

### Vraag 19: Waaruit weet jy dit?

Antwoord: Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het (a). Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders (b) en profete (c) laat verkondig en deur die offers en ander seremonies van die wet laat uitbeeld (d). Eindelik het Hy dit deur sy eniggebore Seun vervul (e).

(a) Gen 3:15. (b) Gen 22:18; 12:3; 49:10. (c) Jes 53; 42:1-4; 43:25; 49:5, 6, 22, 23; Jer 23:5, 6; 31:32, 33; 32:39-41; Miga 7:18-20; Hand 10:43; 3:22-24; Rom 1:2; Heb 1:1. (d) Heb 10:1, 7; Kol 2:17; Joh 5:46.

(e) Rom 10:4; Gal 4:4; 3:24; Kol 2:17.

**Tema:** Ons Verlosser is waarlik mens en tegelykertyd waarlik God

Geliefde gemeente van Jesus Christus, aan die hand van Sondag 4 het ons gesien hoe in die hoek gedryf ons is. Ons is tot die dood toe skuldig, want ons het teen die allerhoogste majesteit van God gesondig. Daarom verdien ons die swaarste straf – dit is die ewige straf aan liggaam en siel. Daar is geen manier waarop ons teenoor die Here God regverdig kan wees en Hy onregverdig nie. Terwyl ons al bewende in die hoek staan, het die besef al meer tot ons deurgedring dat ons nie aan die eerste deel van God se regverdige eis kan voldoen nie. Ons kan God se wet nie volmaak gehoorsaam nie. Dus bly daar vir ons net die tweede deel van sy regverdige eis oor – die ewige straf aan liggaam en siel.

Maar die Heilige Gees het ons nie net by 'n diepe berou oor ons sonde en ellende gebring nie. Hy het ons nie net aan die hand van die Skrif daartoe gebring om te besef hoe skuldig ons voor God is nie. Deur sy kragtige werk binne-in ons het Hy ook begin om ons geestes-oog oop te maak. Hy wil ons uit die hoek van donkerte na die ewige lig bring. En Hy doen dit op 'n persoonlike en pastorale manier. Hy laat ons toe om tipies menslike vrae te vra soos: **Hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word?**

Om die antwoord op hierdie vraag te gee, neem die Heilige Gees ons aan die hand en lei ons deur die Skrif. En terwyl die Gees ons deur die Skrif lei, besef ons dat daar een manier is dat ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem kan word. Omdat God regverdig is, moet daar aan die tweede deel van sy regverdige eis voldoen word. Dit wil sê, óf ons moet self met iets betaal óf iemand anders moet vir ons die losprys by God betaal. Dan eers sal die straf verby wees en kan ons weer in genade aangeneem word.

Met ons tipies menslike vrae in vraag 13 en 14 het die Heilige Gees ons ook gebring waar Hy weet

ons moet uitkom, naamlik by bittere teleurstelling in onself en in alle ander dinge en skepsels op die aarde. Hierdie bittere teleurstelling het ons aangevoel toe ons besef dat ons glad nie self die losprys vir ons lewe kan gee nie. Alles wat ons immers doen, is met sonde besmet sodat ons skuld by God elke dag net groter word. Groot was ons teleurstelling toe ons ook hoor dat God nie 'n ander skepsel vir ons skuld wil straf nie. En nog groter was die teleurstelling toe ons besef dat geen gewone skepsel die straf vir die mens se sonde kan dra en die mens sodoende verlos nie.

Geliefdes, so het die Heilige Gees ons oë al verder laat kyk en soek na wat hoër as die skepping is. Hy het ons sover gebring dat ons 'n verlosser en middelaar moet soek **wat 'n ware en regverdige mens is, maar nogtans ook sterker as alle skepsels is, dit wil sê wat terselfdertyd ware God is.** Hy bring ons daartoe om die skeidsregter te soek waarna Job baie eeue tevore al verlang het toe hy gesê het:

**Daar is geen skeidsregter tussen ons wat sy hand op ons twee kan lê nie.**  
(Job 9:33 AFR53)

Broers, susters en kinders, besef ons werklik waarheen die Heilige Gees ons gelei tot hier aan die einde van Sondag 5? In ons soeke na iemand of iets om ons skuld by God te betaal, het ons deur die hele skepping gegaan. Daar is niemand in die skepping oor nie, dus moet ons nou buite die skepping gaan soek. En daar bly net Een oor by wie ons na die verlosser en middelaar kan gaan soek, en dit is by die Here self.

Is dit werklik moontlik om by die Here die verlosser en middelaar vir ons te gaan soek? Die Here is tog self die Skuldeiser. Kan ons verwag dat die Skuldeiser self ons rekening by Hom moet betaal? Die Heilige Gees lei ons om niks minder as 'n wonderwerk te verwag wanneer dit by ons verlossing kom nie.

Alhoewel baie van ons vandag weet dat Jesus Christus hierdie Skeidsregter tussen God en die mens is, spring die Heilige Gees nie sommer dadelik oor na Hom toe nie. Geleidelik neem die Gees ons mee, want Hy weet dat ons verstand so deur die sonde verduister is dat ons nie so vinnig van begrip is nie. Daarom laat Hy ons eers die vereistes vir die middelaar begryp.

Ten eerste, **waarom moet hy 'n ware en regverdige mens wees?** Hierdie vraag bestaan eintlik uit twee dele. Die eerste deel handel oor die feit dat ons Verlosser 'n ware mens moet wees. Dit wil sê, hy moet 'n egte mens van vleis en bloed soos ons wees, gebore uit 'n vrou en onderwerp aan al die swakhede van die mens. Dit is immers die mens van vleis en bloed wat teen die allerhoogste majesteit van God gesondig het. En omdat die mens gesondig het, moet die mens sterf. Niemand anders kan en mag hierdie losprys betaal nie. Dit is God se regverdige eis.

Dat ons Middelaar 'n egte mens moet wees, is 'n heilige moet. God eis dat ons Middelaar 'n mens moet wees. Die Middelaar wat vir ons sondeskuld wil betaal, moet 'n mens wees wat soos 'n mens kan sterf, want die dood is die betaling vir die sondeskuld.

Ons Middelaar as egte mens moet ook 'n geslagsregister hê. Hy moet uit die geslag van mense gebore word soos wat ons almal gebore is. As 'n swak en hulpelose babatjie moet hy in die arms van sy moeder lê, totaal afhanklik van haar sorg en liefde. Soos 'n kind moet hy grootword en groei in liggaamskrag en verstandelike vermoëns. Hy moet kan honger en dors word. Sy krag moet ook min kan word as gevolg van 'n volle dag se arbeid. Hy moet ook trane kan stort as hy hartseer word. Dit is hoe 'n egte mens immers is, onderworpe aan die swaarkry en moeite van hierdie wêreld. In elke opsig moet hy aan sy broers en susters gelyk wees.

Tog moet daar een groot verskil tussen hom en ons mense wees. Hy moet 'n regverdige mens wees. Regverdig in hierdie sin beteken iemand wat geen sonde het nie. Die vereiste dat ons Verlosser 'n

regverdige mense moet wees, spreek tog vanself. Ons weet mos nou al dat ons nie self ons sondeskuld kan betaal nie, want ons is sondaars. En iemand wat nie kan betaal nie, is eintlik bankrot. Dus is alle sondaars bankrot wanneer dit kom by die betaling van sondeskuld. Iemand wat self bankrot is, kan nie 'n ander mens van bankrotskap red nie. Iemand wat self 'n sondaar is, kan nie 'n ander mens se sondeskuld betaal nie. Daarom moet ons Middelaar 'n regverdige, sondelose mens wees. En ons weet dat so 'n sondelose mens nie uit die normale lewe van mense gebore word nie.

Die tweede vereiste vir ons Middelaar is dat hy terselfdertyd ook waarlik God moet wees. Geen mens, selfs nie eers 'n sondelose mens, se krag en uithou vermoë is voldoende om God se straf op die sonde te kan dra en die vlamme van sy toorn oor die sonde te blus nie. Ons het immers al verlede Sondag bely dat **geen gewone skepsel die las van die ewige toorn van God teen die sonde kan dra en ander skepsels daarvan verlos nie**. Enige skepsel, al is dit 'n sondelose mens, sal heeltemal tot niet gaan onder die toorn van God. Net God is in staat om sy eie toorn op die sonde te dra. Daarom moet ons Middelaar ook waarlik God wees.

So lei die Heilige Gees elkeen van ons persoonlik aan die hand van ons eie vrae daartoe om te bely: Ons Middelaar moet God en mens in een Persoon verenig wees. Hy moet een van ons wees, Hy moet waarlik mens wees. Tog moet Hy ook baie meer as ons wees, want Hy moet die volle toorn van God kan dra. Dit wil sê, Hy moet ook waarlik God wees. Net so 'n Middelaar kan die skeidsregter tussen God en mens wees, want net Hy kan sy hand op God en op die mens lê. Daarom kan Paulus ook so van Christus getuig:

**Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus, wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal.**

(1 Timoteus 2:5-6 AFR53)

Met die ontleding van die vereistes vir ons Middelaar, bring die Heilige Gees ons by die hoogtepunt. Ons volgende logiese vraag bring ons by die hart van ons Christelike geloof: **Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God en ware regverdige mens is?** Op hierdie vraag kan ons gelowiges net een antwoord gee: **Ons Here Jesus Christus**. Hy is die Middelaar, Verlosser en Skeidsregter.

Hy is 'n ware, egte mens. Hy is soos ons almal gebore uit 'n vrou. As swak en hulpelose babatjie het Hy in die arms van sy moeder gelê, totaal afhanklik van haar liefde en sorg. Soos ons het Hy as kind grootgeword en gegroei ten opsigte van liggaamlike krag en verstandelike vermoë. Hy het baie maal honger en dors gekry. As mens was Hy nie 'n supermens wat nooit moeg kon word nie. Uitgeput het Hy op die bankie van 'n skuit gelê en slaap. Hy het ook hartseer geword en trane gestort toe sy vriend Lasarus dood was. As mens het Hy ook verskriklik beangs geword die aand voordat Hy gekruisig is en gesmeek het om uitkoms. Hy is 'n egte mens, in elke opsig aan ons mense gelyk (Hebreërs 2:17). Hy is:

**... een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde.**

(Hebreërs 4:15b AFR53)

Hy het nooit gesondig nie, want Hy is 'n regverdige, sondelose mens.

As ons Middelaar en Verlosser is Jesus Christus nie net 'n egte mens nie, maar ook waarlik God. Sou Hy net egte en sondelose mens wees, sou Hy nie die toorn van God kon dra en bly lewe nie. Daarom moet Hy ook waarlik God wees. Nou moet ons egter nie die fout maak om te sê dat God aan die kruis vir ons gely het nie. Christus het nie na sy Goddelike natuur gely nie maar net na sy menslike natuur. Sy Goddelike natuur het sy menslike natuur in so 'n mate versterk en ondersteun dat Hy die volle toorn van God teen al die sondes van die hele menslike geslag aan sy menslike natuur kon dra en weer lewendig word. Dit is immers deur Christus se sterwe en opstanding dat ons regverdig verklaar word deur God en die ewige lewe kan verkry.

Broers, susters en kinders, wanneer ons bely wie hierdie Middelaar is wat waarlik God en waarlik mens is, volstaan ons nie net met die antwoord: **Ons Here Jesus Christus**, nie. Ons bely ook verder wat Christus vir ons beteken: **God** het Hom **vir ons gegee tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing**. Ons bely wat Christus vir ons beteken soos wat die Heilige Gees ons in die Bybel leer. Paulus skryf in 1 Korintiërs 1:

**Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.** (1 Korintiërs 1:30 AFR53).

Om te weet wat Christus vir ons beteken moet ons by elkeen van hierdie sake eers stilstaan. Die woord *wysheid* in 1 Korintiërs 1:30 staan teenoor vers 23 waar Christus wat gekruisig is, genoem word 'n **struikelblok vir die Jode en 'n dwaasheid vir die Grieke** (1 Korintiërs 1:23 AFR53). Die sogenaamde wysheid van hierdie wêreld – dit is alle menslike wysheid – is niks anders as dwaasheid wanneer dit van Christus losgemaak word. Dit is 'n dwaasheid om twee redes:

1. Menslike wysheid losgemaak van Christus is net op hierdie lewe gerig en beteken vir ons niks as ons voor die regterstoel van God verskyn nie.
2. Menslike wysheid losgemaak van Christus kan op die diepste lewensvrae geen antwoorde gee nie. Kan die ontdekker van atoomkrag of die uitvinder van 'n geneesmiddel vir vigs my met sy kennis troos as ek by die oop graf van 'n geliefde staan soos Christus my daar kan troos?

Christus is waarlik tot wysheid vir ons gegee, sodat ons voor die regterstoel van God kan verskyn en ons broers en susters kan vertroos met die woorde en werke van Christus.

Hy is ook ons geregtigheid of vrypraak. Menslike geregtigheid is dikwels die verskriklikste onreg. Onder die naam van geregtigheid word die dood van ongebore babatjies deur aborsie verswyg of goedgepraat. En onder dieselfde naam van geregtigheid word 'n groot bohaai opgeskop as daar gevra word dat 'n reeksmoordenaar die doodstraf moet kry. Dan word die doodmaak van 'n mens as die grootste onreg beskou.

Teenoor hierdie wêreldse geregtigheid staan Christus se geregtigheid. As ons nie deel kry aan Christus se geregtigheid nie, is daar geen manier dat ons voor die regterstoel van God kan verskyn en bly lewe nie. Omdat die Heilige Gees Christus se geregtigheid ons eiendom maak, word ons deur God vrygespreek van alle sondes wat ons gehad of gedoen het. En hierdie weldaad van God aan my verplig my om ook regverdig teenoor my medemens – vriend en vyand – op te tree.

Die wysheid wat van God kom, het in Christus na ons toe gekom. Hy is ook vir ons die heiligmaking. Die wêreld waarin ons bly en onself is onheilig, onrein en besmet. Om voor God te kan verskyn en bly lewe, moet ons van hierdie onheiligheid bevry word. Dit gebeur alleen deur die geloof wat ons aan en in Christus verbind soos ranke aan die wingerdstok. Die Heilige Gees laat ons vanuit Christus deel kry aan sy heiligheid wat Hy vir ons verwerf het. Deur sy Gees is Christus daagliks besig om ons heilig te maak. Hierdie heiligmaking sluit in dat ek elke dag die ou mens in my meer en meer doodmaak en begrawe. En die Gees wek in my die nuwe mens op wat gehoorsaam buig onder die gesag van Christus my Koning.

Geliefdes, omdat ons aan die wysheid, geregtigheid en heiligheid van Christus deel het, het ons die versekering dat Christus ons volkome verlos het. Dit is immers net Hy wat waarlik mens en waarlik God is wat hierdie verlossing en al die gawes van genade kan gee. Net Hy is ons Middelaar, Verlosser en Skeidsregter tussen God en ons.

In Sondag 6 bring die Heilige Gees ons by die hoogtepunt en die hart van ons Christelike geloof. Ons het gevra: Wat moet ek doen om gered te word? En God het self geantwoord:

**Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.**  
(Johannes 1:29 AFR83)

Salig is ons as ons deur die krag van die geloof aan hierdie Middelaar van ons vashou met ons hele hart, met ons hele verstand, met ons hele siel en met al ons kragte.

Maar ons God en Vader weet ook dat alle mense nie aan hierdie waarheid wil vashou nie. En hulle sal probeer om die gelowiges te laat twyfel of Christus waarlik die enigste Middelaar is en of Hy werklik ons Middelaar is. Daarom word hierdie laaste vraag wat ongelowiges sal vra tot ons gerig: **Waaruit weet jy** dat Christus waarlik God en waarlik mens is? Dan lei die Heilige Gees ons om te bely: **Uit die heilige evangelie wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het. Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders en profete laat verkondig en deur die offers en seremonies van die wet laat uitbeeld. Eindelijk het Hy dit deur sy eniggebore Seun vervul.**

Daarom, lieve broers, susters en kinders, moenie skrik vir die mense wat Christus Jesus net as 'n blote mens wil sien nie. Moenie skrik vir hulle wat ons van die genade van God probeer beroof nie. God, die waaragtige Getuie, getuig self in die Bybel dat Jesus Christus die Middelaar is na wie ons soek. Hy is waarlik God en waarlik mens.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 36:2, 3 (p. 179)

- 2 U goedheid, HEER, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe,  
maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe.  
Hoe kost'lik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming!  
Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.
- 3 Van al wat leef, is U die bron; / van alle lig, die eewge son / wat afstraal in ons oë.  
HEER, laat u reg en goedheid wees / oor wie opreg u ken en vrees / en steun op u vermoë:  
laat trotse voet my nooit vertrap, / nóg bouse hand in ballingskap / my dwing om rond te swerwe!  
Daar val die werkers van die kwaad / vir altyd in 'n jammerstaat / waarin hul magt'loos sterwe.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
15 September 2013